higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

1 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	B		
	1.1.3	B		
	1.1.4	B		
	1.1.5	D		
	1.1.6	C		
	1.1.7	C		
	1.1.8	B		
	1.1.9	B		
	1.1.10	D		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	D		
	1.2.2	E		
	1.2.3	C		
	1.2.4	F		
	1.2.5	B		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	Onwaar		
	1.3.2	Waar		
	1.3.3	Waar		
	1.3.4	Onwaar		
	1.3.5	Waar		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	Lewer		
	1.4.2	Inkubasietydperk		
	1.4.3	Enurese		
	1.4.4	Episiotomie		
	1.4.5	Allergie		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Babadogter se geslagsdele

- Om moontlike blaasinfeksies by dogtertjies te voorkom, moet jy van voor na agter vee sodat bakterieë van die anus nie toegang tot die urienweg het nie.
- Lig die baba se heupe op, hou die voete vas, en vee die anus, die boudarea en die dye af. (6)

2.1.2 Babaseun se geslagsdele

- Lig die testikels op en was saggies daar onder.
- Maak die testes en onder die penis met skoon watte skoon.
- Maak die penis skoon, maar moenie die voorhuid agter oor die eikel of kop van die penis terugtrek voordat dit nie vanself losraak nie.
- Lig die baba se heupe op, hou die voete vas, en vee die anus, die boudarea en die dye af. (8)

2.2

- Die hart ontvang suurstofryke bloed vanaf die longe.
- Dit pomp suurstofryke bloed na die liggaam toe.
- Dit ontvang koolstofdioksiedryke bloed vanaf die liggaam.
- Dit pomp koolstofdioksiedryke bloed na die longe sodat die koolstofdioksied uitgeasem kan word. (6)

2.3 2.3.1

- Voedsel moet behoorlik verkoel word.
- Gebruik altyd gepasteuriseerde melk.
- Inspekteer vleis behoorlik.
- Vermy voedsel en melk wat met bakterieë besmet is. (4)

2.3.2 Daar moet voldoende ventilasie, sonskyn en vars lug beskikbaar wees. (2)

2.3.3

- Vullis moet daagliks verwyder word.
- Kinders moet geleer word om gesonde toiletgewoontes aan te kweek.
- Vullis moenie begrawe word nie aangesien dit die grond kan besoedel en kinders, wat in die grond speel, aan gesondheidsgevare kan blootstel. (3 × 2) (6)

2.4 Die baba kan versmoor, wat tot hul dood kan lei. (2)

2.5

- Moenie geparfumeerde badolie of badsout gebruik nie. Dit kan ’n vaginale infeksie veroorsaak.
- Gebruik ’n bevogtigingsroom om jou vel soepel te hou.
- Drink genoeg water.
- Bad of stort daagliks. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.6 2.6.1 Hou jou gesin weg van enige plek waar mense gewoonlik rook. (2)

2.6.2
- Asma
- Bronchitis
- ’n Gehoes
- Kanker (4 × 1) (4)

2.6.3 Longe (2)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Temperatuur of koors van bo 37 °C.
- Loopneus
- Kouekoors (bewerasie)
- Seer spiere
- ’n Gesweet
- Swak gevoel en trae bewegings
- Diaree, braking of naarheid
- Seer keel
- Hoofpyn
- ’n Gehoes (Enige 5 × 1) (5)

3.1.2
- Gee ekstra vloeistowwe om te drink.
- Hou die kind in die bed.
- Hou die kind by die huis sodat hulle nie infeksies versprei nie.
- Was jou hande gereeld met seep en water.
- Vernietig alle gebruikte snesies dadelik deur dit in die toilet af te spoel om die verspreiding van die virus te keer. (Enige 3 × 1) (3)

3.1.3
- Hou die termometer onderstebo en skud dit vier of vyf keer met kort, rukkerige bewegings van die gewrig sodat die kwik na onder 34 °C daal.
- Plaas die dun punt van die termometer in die kind se oksel (armholte) en druk sy arm liggies teen sy liggaam vas.
- Hou die termometer twee minute lank daar.
- Neem die lesing in helder lig deur die termometer horisontaal, met die wit agtergrond sigbaar, te hou.
- Teken die temperatuur op ’n koorskaart aan. (’n Mens se normale liggaamstemperatuur wissel van 36,5 °C tot 37,5 °C.)

(5 × 2) (10)

3.2
- Dit is nie natuurlik nie en nie die beste geskik vir menslike behoeftes nie.
- Dit verteer nie so maklik soos borsmelk nie.
- Voedings kan verkeerdelik aangemaak word weens ’n gebrek aan kennis.
- Infeksies kan as gevolg van die besmetting van bottels of botteltiete opgedoen word.
- Daar bestaan ’n gevaar dat die baba deur oorgekonsentreerde voedings oorvoed word.
- As graankos, suiker of heuning by die melkvoeding gevoeg word, kan dit tot vetsug, konstipasie en/of diaree lei.
- Daar is gevare verbonde aan voeding terwyl ’n kind gestut word, byvoorbeeld verstikking en middeloorontstekings.
- Die uitgawe verbonde aan formulevoeding kan die ma in die versoeking lei om die voeding te oorverdun, wat gewigsverlies sal veroorsaak. (8 × 2) (16)

3.3 Om die verspreiding van bakterieë en kieme te verhoed. (2)

3.4
- Om die liggaamstemperatuur te handhaaf
- Om gevoelige velareas teen sonbrand en skawing te beskerm
- Om aan sosiaal aanvaarbare norme te voldoen (3 × 1) (3)

3.5 3.5.1
- Aanneming
- Spesifieke medikasie wat vir ernstige siektes gedrink word
- Waar borsvoeding die moeder se toestand kan vererger
- Waar ’n moeder met ’n geestesprobleem haar baba kan seermaak (4 × 2) (8)

3.5.2 MIV/vigs kan in borsmelk voorkom en die baba infekteer. (2)

3.6 Drie keer (1)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Om genoeg teenliggaampies op te bou ten einde aansteeklike siektes te beveg (2)

4.1.2
- Suid-Afrikaanse Rooikruis
- Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kinder- en Gesinswelsyn
- Heilsleër
- Gift of the Givers-stigting (Enige 2 × 1) (2)

4.1.3
- 2 liter kookwater
- 16 gelyke teelepels glukose/suiker
- 1 gelyke teelepel sout
- Meng al die bestanddele saam. Dien ’n minimum van 100 ml op ’n slag toe. (4 × 1) (4)

4.2
- Tydelik verlaagde vrugbaarheid
- Geen onnodige bloedverlies nie; dus kleiner kans vir anemie
- Geen premenstruele spanning nie omdat menstruasie nie plaasvind nie
- Minder gevaar van depressie aangesien prolaktien, die hormoon wat tydens borsvoeding vrygestel word, ’n ontspanningsuitwerking op die moeder het
- Wanneer die baba soog, trek die uterus saam en dit lyk dan vinniger weer normaal as dié van ’n moeder wat nie borsvoed nie
- Moeders wat borsvoed, herwin hul figuur vinniger aangesien die liggaam vet vinniger afbreek
- ’n Laer voorkoms van borskanker
- Hoë vlakke van prolaktien oefen ’n positiewe invloed op die binding tussen moeder en baba uit
- Is prakties en gerieflik, selfs wanneer gereis word, met vakansie gegaan word of in die nag
- Is ekonomies, maar vereis dat die moeder ’n toereikende, gebalanseerde dieet moet volg
- Is altyd vars, teen die regte temperatuur en kom in steriele houers voor (Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Volg die dieet wat die dokter voorgeskryf het.
- Bestudeer die etikette op voedselprodukte.
- Skakel die voedsel wat die allergie veroorsaak, heeltemal uit. (3 × 2) (6)

4.4
- Rusteloosheid
- ’n Voortdurende gehuil
- Swak slaappatrone
- Braking
- Abnormale stoelgange (5 × 1) (5)

4.5 Sy gaan duiselig word en uiteindelik moontlik flou word. (2)

Kopiereg voorbehou

4.6
- Gesigwaslappe is altyd nat en behou kieme en bakterieë.
- Die verkeerde waslap kan gebruik word om ’n kind af te vee en dit kan tot die oordrag van siektes lei. (2 × 2) (4)

4.7
- Melk- en melkprodukte
- Eierwit (albumen, ’n proteïen)
- Sitrusvrugte
- Koring, mielies, vis, tamaties of sjokolade
- Voedselkleur- en preserveermiddels soos tartrasien (5 × 1) (5)

4.8
- Ruil die doeke gereeld.
- Was die area goed met ’n sagte seep en louwarm water ná elke stoelgang en maak dit liggies droog.
- Gebruik 'n eenrigtingdoekvoering en ruil doeke so dikwels moontlik.
- Vryf ’n sperroom wat sink en kasterolie bevat op die area in.
- Stel die baba se boudjies aan warm lug bloot.
- Was materiaaldoeke met niebiologiese waspoeier. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou